ADMINISTRATIEWE BURO VAN DIE GKSA

Aan: **Alle kerke en lidmate**
Van: **Die Administratiewe Buro-bestuur (Admin Buro)**
Datum: **12 Augustus 2015**
Insake: **Die geldsake van die GKSA – op een bladsy.**

Ons kerke se gesamentlike roeping en verantwoordelikheid vir werk in meerdere kerkverband – die prentjie in 2015/16.

Ons kerke kom saam ooreen by die algemene sinode oor werk wat ons "gesamentlik" moet doen soos die opleiding van predikante, die uitgee van tydskrifte en die versorging van ons emeriti. Hierdie werk het finansiële implikasie en die koste daarvoor word gedelg deur verpligte kollektes en ramings, gehef op elke kerk in GKSA. Ramings word gehef per belydende lidmaat per gemeente. Slegs die kerke wat deel in die Emeritaatsversorgingsfonds betaal ramings vir die EVT. Kleiner kerke betaal proporsioneel minder ramings per lidmaat tot die EVT.
Die kerke wat deel was van die voormalige "Swart" kerke betaal net ramings vir die Teologiese Skool Potchefstroom, vir die Admin Buro en vir die Thuso fonds.



Die gemiddelde raming vir die drie emeritaatsversorgingsfondse saam beloop R 343.43 (2015 = R 309.03) per belydende lidmaat p.j. (betaalbaar volgens glyskaal). Elke kerk kry sy spesifieke aanslag vanaf die Admin Buro.
Die ramings vir die ander sake beloop R256.60 (2015 = R215.60) per belydende lidmaat per jaar vir die huidige boekjaar. Die Teologiese skool is die grootste uitgawe wat hierby ingesluit is.
Die werk van die kerk – gesamentlik en ook u eie gemeente se werk kan net gedoen word indien lidmate hul dankbaarheid teenoor die Here uitleef. Sal u asseblief vanuit die Bybel u lidmate aanmoedig om hul dankoffers blymoedig te gee. Ons is oortuig dat die kerk sy verpligtinge kan nakom indien elkeen 5% van sy/haar inkomste (na net inkomstebelasting afgetrek is), as dankoffer aan sy/haar plaaslike kerk gee. Die 5% sluit nie kollektes tydens en na eredienste in nie.
Selfs met die dalende getalle van die kerk glo ons as elke lidmaat volgens die riglyn opoffer dat elke kerk en GKSA se geldsake, dramaties beter sal lyk.

Louis Kruger
Voorsitter: Bestuur Admin Buro.

Nota: ’n Omvattende skrywe oor hierdie sake is ook versend na alle kerke.